Sing vooraf staande: Psalm 52:3 (p. 266)

3 Opregtes sal dit sien en huiwer, / en – oor die trotsaard lag:
"Kyk nou die man wat in sy hoogheid, / die hulp van God verag;
wat steun op rykdom sonder perk, / in roofbegeerte sterk!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofsang: Skrifberyming 5-3:4, 5 (8:4, 5)

4 Die sondelose Lam, vir sondeskuld geslag, / is waardig om te ontvang die rykdom, wysheid, krag,
en eer en heerlikheid en dankb're seëninge! / En al wat leef en roer, al die geskape dinge
op aarde en diep omlaag, of in die hoë hemel, / al wat die see bewoon en in sy dieptes wemel –

5 die ganse skepping sing met krag van jubeltoon: / "Aan Hom wat heerlik is, hoog op die wêreldtroon,
en aan die Lam van God, self eewge Skeppings-Here, / sy ewig lof en prys en krag en roem en ere!"
Met "Amen, Amen!" het die gérubs opgeswewe. / Die oudstes het aanbid voor Hom wat ewig lewe.

Gebed

- ***Doksologie:***
- ***Aanbidding:***
- ***Skuldbelydenis:***

Vergifnis:

- ***Dank:***
- ***Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:***
- ***Algemene bede:***
- ***Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:***

Amen.

Psalm 62:7 (p. 303)

7 Vertrou nie op geroofde geld, / tirannemag of handgeweld, / of op die vastheid van jou gang nie.
As rykdom jou sy vreug berei, / jou met sy skynsel wil verlei, / laat dan jou hart nie daaraan hang nie.

Skriflesing: Spreuke 30

Teks: Spreuke 30:7-9; Kategismus Sondag 42

Twee dinge vra ek van U; onthou dit nie aan my voordat ek sterf nie: Hou valsheid en leuentaal ver van my af; gee my nie armoede of rykdom nie, laat my geniet die brood wat vir my bestem is; dat ek nie, as ek oorversadig geword het, U verloën nie, en sê: Wie is die HERE? En dat ek nie, as ek arm geword het, steel en my aan die Naam van my God vergryp nie. (Spreuke 30:7-9 AFR1953)

Hierdie is 'n baie kort en treffende gebed.

- Dis iemand wat deurdrenk is met die erns wat deur God die Heilige Gees gewerk word wat baie ootmoedig bid. (vers 2-4)

  2 **Ja, ek is te dom om mens te kan wees, en ek het geen menseverstand nie.** 3 **En ek het nie wysheid geleer, sodat ek kennis van die Heilige sou besit nie.** 4 **Wie het na die hemel opgeklim en neergedaal? Wie het die wind in sy vuiste versamel? Wie het die waters in 'n kleed saamgebind? Wie het al die eindes van die aarde vasgestel? Hoe is sy Naam? En hoe is die Naam van sy Seun — as jy dit weet?** (Spreuke 30:2-4 AFR1953)

- Dis ook iemand wat die Woord van God liefhet wat hier aan die bid is (vers 5-6)

  5 **Elke woord van God is gelouter; Hy is 'n skild vir die wat by Hom skuil.** 6 **Voeg by sy woorde niks by nie, sodat Hy van jou nie rekenskap vorder en jy as 'n leuenaar openbaar word nie.** (Spreuke 30:5-6 AFR1953)

Dit is ook ’n verstandige gebed, want dit bid vir genade vir die siel en vir onderhoud van die liggaam.

- Die persoon bid vir sy daaglikse brood – maar dis ’n beskeie vra:
    - hy wil nie te veel hê nie en ook nie te min nie.
    - Hy vra net genoeg.

Dis duidelik uit die bidder se gebed dat sy lewenstevredenheid nie daarin lê dat hy baie wil hê (besit) nie.

- Dit lê daarin dat hy bitter min begeer!
- Dit is ’n baie sterk beginsel dat die verbod op begeerte eers hok geslaan word voordat jy die ander sondes probeer besweer.
- Die begeerte-sonde is meestal die voorloper van enige van die ander gebooie (sondes) wat ons oortree.

Ons gee aandag aan twee dinge wat die agste gebod raak, naamlik dat jy nie mag steel nie:

1. Wat word deur hierdie gebod verbied?
2. Wat word deur hierdie gebod gebied?

1. Wat word deur hierdie gebod verbied?

- Die gebod leer dat daar ’n bepaalde manier is waarop God beskik dat ons nie ons besittings in die hande mag kry nie.
- Dit bepaal ook hoe ons nie ons besittings mag hanteer nie!

Daardie maniere is:

- Diefstal
    - Diefstal is wanneer jy iets in die hande kry op ’n onwettige manier. Jy gaan vat byvoorbeeld iets wat aan iemand anders behoort vir jou.
    - Of jy kry iets op ’n onregmatige manier in die hande, byvoorbeeld deur leuens of bedrog.
- Gierigheid
    - Gierig is wanneer jy besittings ondoelmatig begin ophoop.
    - Jou besittings moet in God se koninkryk werk – dit moet tot heil wees van die eer van die Here en tot welsyn van jou naaste.
    - Die oomblik as jy rykdom en besittings vergaar om jou eer op te blaas is dit verkeerd.
    - Dis ook verkeerd om net meer en meer geld en besittings te wil hê net om dit te kan besit.
    - *Ons is oor alle besittings deur God aangestel as sy rentmeesters!*
- Verkwisting of vermorsing
    - Dit is wanneer jy nie respek en verantwoordelikheid aan die dag kan lê nie en jy mors jou besittings doelloos uit.

Dis dinge wat die Here uitdruklik verbied.

- Die rede is voor die hand: as jy besittings op die oneerlike manier in die hande kry, dan is jy ’n onheilbewerker.
- Daardie onheil gaan verseker op jou terugslaan as jy in die oordeel voor God staan.

Agur het homself en die lewe baie goed geken.

- Daarom vra hy vir die Here om valsheid en leuentaal ver van hom af te hou.
- Daarmee saam vra hy vir die Here om hom nie armoede of rykdom te gee nie.

- Die lewe het hom al geleer dat al hierdie dinge mens net tot sonde kan verlei. Sal die Here dit dan asseblief van hom af weghou!

Waar hoor jy ’n gebed dat iemand bid dat hy nie ryk wil wees nie?

- By hierdie diep gelowige mens hoor ons dit, want hy besef dat rykdom hom van God kan vervreem.
- Wat help dit dat jy ’n groot bankrekening en beleggings en baie besittings het, maar jy het van God vervreemd geraak?
- Dit is werklik so dat rykdom baie mense van God af wegneem.

Agur weet ook dat armoede weer ander ellendes bring. Dis ’n drukkende las.

- Dikwels sal mense lieg en steel om daaruit los te kom.
- Dit dryf ander mense om bedrog te pleeg en om oneerlik te wees.
- Diefstal gaan teen God se bestuur in.
- Sulke optredes verset hom teen die vrymag van God om vir elke mens soveel te gee as wat Hy wil (of wat Hy weet waartoe ons elkeen in staat is om dit tot sy eer te beheer!).

Die dinge is ’n aantasting van God se beeld wat in ons is. As ons die beeld van God in ons skend, skend ons ook sy eer.

- Ware geloof vra van ons om tevrede te wees met dit waaroor die Here ons as sy rentmeesters aangestel het.
- Dit vra ook van ons om met waardigheid en die maksimum verantwoordelikheid hierdie besittings tot sy eer te bestuur.

2. Wat word deur hierdie gebod gebied?

Hierdie gebod beveel ons om drie dinge te doen.

- Ek moet my naaste se belange bevorder.
- Ek moet hard, eerlik en getrou werk.
- Ek moet mense wat nood het, help.

Om te kan weet wat my naaste se belange is, vra gemeenskap van die heiliges met mekaar.

- Dit beteken dat ek in die mense om my moet belangstel en weet wat vir hulle voordeel inhou, maar ook moet weet wat alles vir hulle skade kan berokken.
- Waar ek dan kan en mag, moet ek dinge doen wat vir ander mense voordeel bewerk – soos wat die Here dit van my verwag en in sy Woord dit voorskryf.
- Daardeur werk ek ook tot voordeel van God se eer.

So ’n opdrag raak natuurlik ook die liefdesgebod! Jy kan net jou naaste se saak ten goede behartig as jy die liefde van die Here ken en verstaan – en as jy die vermoë het om na ander mense toe uit te reik!

Jy sal ook net iemand anders se nood en pyn verstaan as jy weet hoe om lief te hê. Iemand wat nie kan liefhê nie, steur hom nie aan ander mense se pyn en honger nie.

Let op die teenstellings wat in die agste gebod ingebou is

- Ek moet my naaste nie besteel nie – en moet sy besittings beskerm en opbou!
- Ek mag nie verkwis nie – ek moet hard werk.
- Ek mag nie gierig wees nie – ek moet uitreik na mense toe wat in nood is.

Dit wat ons hier saai, oes ons in die ewigheid.

- Ons het juis deur die kruis by die Here Jesus lewenstevredenheid gekry.

- Hy leer ons juis deur sy Gees dat ons hoogste besit in die ewigheid is wanneer Hy ons met ewige saligheid beklee.
- Ons gaan ons woning en werkplek op die nuwe aarde hê – in volmaaktheid.
- Volmaaktheid beteken dat dit sonder gebrek en sonder rykdom sal wees – dit sal vol heerlikheid wees.

Laat ons daarom met onderskeiding werk met ons inkomste en aardse besittings.

- Hierdie dinge is nie ons hoogste besit nie.
- Hulle is ook nie ons einddoel nie.
- Hulle is bloot middele waardeur ons voorberei word vir die koninkryk van ons Here Jesus Christus.

Ons lees saam wat ons belydenis hieroor leer in die Heidelbergse Kategismus Sondag 42

Vr. 110. Wat verbied God in die agste gebod?

Antw. *God verbied nie alleen dié diefstal (a) en roof (b) wat die owerheid straf nie; maar Hy noem ook diewery, alle bose dade en listige planne waarmee ons dink om die goed van ons naaste onsself toe te eien (c), met geweld of skyn van reg, soos met valse gewig, el, maat, ware (d), munt, woeker (e) of deur enige middel wat God verbied; daarby ook alle gierigheid (f), alle misbruik en verkwisting van sy gawes (g).*

Vr. 111. Maar wat gebied God jou in hierdie gebod?

Antw. *Dat ek die belange van my naaste, waar ek kan en mag, moet bevorder; met hom so moet handel soos ek sou wens dat die mense met my moet handel (a); daarby ook dat ek getrou moet arbei, sodat ek die behoeftiges kan help (b).*

Amen

Slotgebed

Slotpsalm 73:5 (p. 367)

5 Die trotsaards leef gerus en bly, / in rykdom, onbesorg en vry.
Vergeefs dat ek so opgepas het, / my hande in onskuld rein gewas het!
Dit help my nie: ek word geslaan, / die plae oorstroom my, af en aan;
en nooit was daar ’n môre of / my klaagsang kry weer nuwe stof.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 7 November 2010

Tekste by vraag 110
(a)
I Kor 6:10 Moenie dwaal nie! Geen hoereerders of afgodedienaars of egbrekers of wellustelinge of sodomiete of diewe of gierigaards of dronkaards of kwaadsprekers of rowers sal die koninkryk van God beërwe nie.
(b)
I Kor 5:10 dit wil sê, nie die hoereerders van hierdie wêreld of die gierigaards of rowers of afgodedienaars in die algemeen nie, want dan sou julle uit die wêreld moet uitgaan -
Jes 33:1 Wee jou, verwoester, wat self nie verwoes is nie, en troubreker teen wie nie troueloos gehandel is nie! As jy klaar is met verwoes, sal jy verwoes word; en as jy klaar is met troubreuk, sal hulle troueloos teen jou handel.
(c)
Luk 3:14 En die soldate het hom ook gevra en gesê: En ons, wat moet ons doen? En hy sê vir hulle: Julle moet niemand geweld aandoen of iets afpers nie; en wees tevrede met julle soldy.
I Thess 4:6 dat niemand sy broeder in hierdie saak moet bedrieg en benadeel nie, omdat die Here ’n wreker is oor al hierdie dinge, soos ons aan julle ook vantevore gesê en betuig het.

(d)
Spr 11:1 ’n Valse weegskaal is vir die HERE ’n gruwel, maar in ’n volle gewig het Hy behae.
Spr 16:11 ’n Regte weegtoestel en weegskaal kom van die HERE, al die weegstene in die sak is sy werk.
Eseg 45:9, 10 So sê die Here HERE: Dit is nou genoeg, o vorste van Israel! Verwyder geweld en verdrukking, en doen reg en geregtigheid; hou op om my volk uit hulle besittings te verdring, spreek die Here HERE. Julle moet ’n regte weegskaal hê en ’n regte efa en ’n regte bat.
Deut 25:13 Jy mag nie twee soorte weegstene, ’n grote en ’n kleintjie, in jou sak hê nie.
(e)
Ps 15:5 wat sy geld nie gee op woeker en geen omkoopgeskenk aanneem teen die onskuldige nie. Hy wat hierdie dinge doen, sal nie wankel in ewigheid nie.
Luk 6:35 Maar julle moet jul vyande liefhê en goed doen en leen sonder om iets terug te verwag, en julle loon sal groot wees; en julle sal kinders van die Allerhoogste wees; want Hy self is goedertieren oor die ondankbares en slegtes.
(f)
I Kor 6:10 Moenie dwaal nie! Geen hoereerders of afgodedienaars of egbrekers of wellustelinge of sodomiete of diewe of gierigaards of dronkaards of kwaadsprekers of rowers sal die koninkryk van God beërwe nie.
(g)
Spr 23:20, 21 Wees nie onder die wynsuipers nie, onder die wat as vrate hulle hart ophaal. Want ’n drinker en ’n vraat sal arm word, en slaperigheid laat stukkende klere dra.
Spr 21:20 ’n Kosbare skat en olie is in die woning van die regverdige, maar ’n dwase mens bring dit deur.

Tekste by vraag 111
(a)
Matt 7:12 Alles wat julle dan wil hê dat die mense aan julle moet doen, net so moet julle aan hulle ook doen; want dit is die wet en die profete.
(b)
Ef 4:28 Laat die een wat steel, nie meer steel nie; maar laat hom liewer arbei deur met sy hande te werk wat goed is, sodat hy iets kan hê om mee te deel aan die een wat gebrek het.